# DIE KETELREEKS

Na die NG Kerkraad van die gemeente Levubu in 1984 die valse bekering van die moderne Christelikheid verwerp het as ŉ wyse om God se liefde te ontvang en daarin te leef, moes elke deel van die gemeentelike bediening verander word.

Die moderne Christelikheid binne die NG Kerk het elke deel van die inhoud van die Woord van God so verdraai dat elke deel van die liefde van God vir sy kinders en hulle liefde vir Hom verwring is om identifikasie met God te wees.

Ds. Petrus Kriel het in elke preek, huisbesoek, kinderkransaanbieding en kategese les die inhoud van die evangelie en wet teenoor die geestelikheid van die moderne Christelikheid gestel.

Daar het ŉ behoefte ontstaan om die geheelinhoud van die liefde van God en sy kinders se liefde vir Hom te stel teenoor die geheelinhoud van die geestelikheid van die moderne Christelikheid.

Die ketelreeks was die poging van ds. Petrus Kriel om hierdie behoefte aan te spreek.

Met die voorbeeld van ŉ ketel word die hele openbaringsinhoud van die evangelie en die wet verduidelik om vir kinders ŉ geheeloorsig te gee. Dit word so aangebied dat die kind elke deel van die evangelie en wet kan integreer as deel van sy lewe.

Met die voorbeeld van die teepot en ysterketel word die goddeloosheid en afgodsdiens van die moderne Christelikheid ook so uitgewys dat kinders in elke deel van hulle geloof die onderskeid van geloof en identifikasie met God kan aanvoel. Dit gee kinders die vermoë om hulle van elke deel van die bygeloof van die moderne Christelikheid te kan distansieer.

Hierdie kategesereeks dien ook as die afsluiting van die finalejaarsbelydenisklas.